



Wenk van die Maand

Mei 2019

BYVOEGMIDDELS - VERWARRENDE TERME EN AFKORTINGS

Daar is algemeen gebruikte terme en afkortings wanneer byvoegmiddels bespreek word. Hierdie terme en afkortings kan verwarrend wees en kan tot groot wanpersepsies oor byvoegmiddel gebruik lei.

Slegs vyf van hierdie afkortings sal hieronder bespreek word om meer duidelikheid hieroor te gee sowel as om meer effektiewe byvoegmiddel keuse te bewerkstellig.

NIS: Afkorting vir “non-ionic surfactant” (nie-ioniese benatter). NIS is wêreldwyd die mees wyd-verbruikte benattergroep. Dit is wateroplosbare, seepagtige tipe produkte en dra tot bedekking en verspreiding van spuitdruppels by asook om die opnameproses te bevorder. Dit is ‘n groot groep produkte wat geweldig op grond van chemiese en fisiese eienskappe verskil. Moet nie net aanneem dat twee NIS produkte dieselfde eienskappe het nie. Hulle het beslis nie!

Die mees algemeen gebruikte NIS in Suid-Afrika is die alkohol etoksilate. Hierdie groep benatters alleen bevat honderde verskillende tipes chemie! Selfs die vervanging van een alkohol etoksilaat met ‘n ander, kan ramspoedige gevolge inhou.

COC: Afkorting vir “crop oil concentrate” (gewas olie konsentraat). Wanneer ‘n mens hierdie term hoor, word daar dalk aangeneem dat hierdie olies van gewas- of plantaardige oorsprong is. Dit is nie die geval nie. COC’s staan meer algemeen bekend as petroleum of minerale olies en het ‘n soortgelyke funksie as benatters, maar dit word met verskillende gewas beskerming produkte gebruik.

MSO: Afkorting vir “methylated seed oil” (gemetileerde saadolie). Hulle word ook gemetileerde groente olies of metielesters genoem. MSO’s word algemeen met onkruidodders as effektiwiteit-verhogende byvoegmiddels gebruik.

HSOC: Afkorting vir “high surfactant oil concentrate” (hoë benatter olie konsentraat). HSOC’s is olie byvoegmiddels met ‘n hoë konsentrasie van benatter emulsifiseerder. Dit maak hierdie olies meer mengbaar met wateroplosbare gewasbeskerming produkte as gewone minerale of plantolies.

AMS: Afkorting vir ammoniumsulfaat. AMS is ‘n wyd-verbruikte byvoegmiddel om soutantagonisme van sekere onkruidodders in spuitwater te oorkom. AMS behoort aan die soutbyvoegmiddel groep wat ook sekere ander kunsmis-gebaseerde chemikalieë, veral die stikstof-bevattende produkte, insluit. AMS is egter die mees verbruikte byvoegmiddel in hierdie groep.

Villa se mening

Hierdie vyf afkortings word algemeen gebruik en dit skep dikwels verwarring. Dit is belangrik om hierdie terme te verstaan en ook om byvoegmiddels korrek te gebruik.

Kontak Brian de Villiers vir meer
inligting oor byvoegmiddels
en waterkwaliteit by
082 880 0974 of
bdevilliers@villacrop.co.za